JAAR RAPPORT van SENDING WERK in N.O.R.
van die N. G. KERK in die O.V.S.
(Eindigend 31 Des. '31).

I. Op Kerkelik en Geestelik Gebied:

Gedurende die afgelope jaar kon die werksaamhede in die verskillende Gemeentes gereeld voortgesit word. Trou bygestaan deur evangeliste en onderwysers, kon die sendelinge weer etlike honderde naturelle tot die Doopklas toelaat en ander deur die doop, by die gemeentes inlyf. 'n Kenmerk van die ondersoek tot toelating in die Doopklas was die groot getal kinders wat ook aanspoek gedoen het, maar wat weens hulle jeug nie toegelaat kon word nie.

Met droefheid moet ons melding maak van twee van ons evangeliste, wat weens owerspel, ontslaan moes word, en ook van 'n hele aantal onderwysers weens dieselfde oorsaak. In die weste is die werk verder bemoeilik deur die optree van die Roomse, die hitte Vaders van Afrika, waaronder etlike Hollanders hul ook bevind. Deur hul afbreek metodes is hul nog steeds 'n angel in ons vlees.

Op verskillende stasies was daar baie seen op die werk gedurende die afgelope jaar, veral is dit die geval op Tamanda. Konferensies is op verskillende plekke gebou, en so b.v., was daar meer dar 1100 kinders teenwoordig op 'n Konferensie vir jongmense op Madzimoyo, waarvan 'n paar honderd hul begeerte uitgespreek het om die Here Jesus te volg.

'n Ander saak van belang wat ook gedurende 1931 voltooi is, is die hersiening en aanvulling van ons Metboek.

II. Opvoeding:

'n Nuwe skkolgebou, 'n jongens hostel is opgetrek te Tamanda, waar daar 'n vloeiende werk onder die jongens verrig word. Op Madzimoyo is daar 'n gerieflike klaskamer by die Meidjies tehuis bygebou. Ook 'n jongens hostel en 'n klaskamer in die Meidjies tehuis op Nyanji. Ons grootste behoefte is nog steeds 'n genoegsame getal goed opgeleide naturelle onderwysers, hoewel ons ernstige pogings aanwend om die Goewerments Kode uit te voer met die klompie onderwysers wat ons het.

Die getal Buiteposte het toegeneem terwyl die onderwysers steeds minder word; met die gevolg dat ons meer en meer gedwing word om een onderwyser twee buiteposte te gee. Dan hou hy 4½ weke by die een eb 4½ weke by die ander skool gedurende die kwartaal. Van 'n opvoedkundige oogpunt is dit natuurlik baie onbevredigend, maar dit is die beste wat ons kan doen om aan die geestelike behoefte van die volk te voorsien; en ons sal nog baie lank hiermee moet tevrede wees tot ons nuwe sisteem van onderwysers opleiding eendag genoegsame manne oplewer.

Ons het gedurende die afgelope jaar spesiale aandag aan Kamoto gegee, waar die toestand op die buiteposte baie onbevredigend was, weens die swakke gehalte van 'n onderwyser. Ft.Jameson, Madzimoyo en Nsadzu het elk 'n paar van hul beste manne daarheen gestuur om sake te verbeter, en ons vertrou dat die vrug hiervan nie sal uitbly nie.

Daar is merkwaardige vooruitgang op Tamanda te bespeur in die jongens skool. Die skool is baie populêr en daar is 30 jongens in die hostel. Dergelike skole is op Madzimoyo en Nyanji begin, maar hier is dit nog maar 'n gesukkel. Met die Normaal en elementêre skole op Madzimoyo gaan dit goed, en die debat-vereniging en voetbalveld het nie min daartoe bygedra nie. Wat die landbou deel betref, sou ons graag wil sien dat daar op 'n groter skaal gewoë word. Ons hoop dat dit vanjaar sal gedoen word. Wat die meidjies tehuise op Merwe, Nyanji, Madzimoyo en Magwero betref, is ek bly om te kan meld dat daar vooruitgang in alle opsigte was, beide wat skool en huiswerk betref en wat liggaamlike en geestelike gesondheid betref. en die 90 meidjies het 'n gelukkige en leersame jaar agter die rug.

Dit is ook nodig om die uitstekende werk te noem wat die blindes op Magwero gedoen het. Daar is op die oomblik 20 van hierdie ongelukkiges. Hul gesondheid was goed en hul was baie ywerig wat

skool- hand- en tuinwerk betref. Die agtbare Direkteur van Naturelle Onderwys het Magwero verlede jaar besoek, en dit het 'n baie gunstige indruk op hom gemaak.

III. Medies:

Die mediese departement het sy gewone werksaamhede voort gesit van honderde pasjente te verpleeg, lydende aan allerlei kwale, sere, brandwonde, slegte tande, malaria, seer oë, masels en veneriese siektes. Daar was ook 'n epidemie van griep was baie slagoffers gevis het. Deur gebrek aan medisyne kon min in die distrikte aan vir hierdie krankes gedoen word. Om een of ander rede was daar 'n vertraging in ons jaarlikse versending van medisyne, en die bietjie wat tot ons beskikking was, was spoedig gedaan.

'n Aantal groot operasies en baie kleinere is met sukses deur die dokter gedaan beide op Madzimoyo asook op ander stasies. Daar is 'n toename van krasgevalle en dit lyk of die Sending meer en meer die vertroue van die volk in hierdie opsigte wen. Daar was egter etlike sterfgevalle, en dit kan bewys word dat die meeste van hulle verwagtende moeders van skaars 16 jaar was. Hierdie neiging tot vroeë huwelike is snel aan die toeneem, tenspyte van die pogings wat ons aanwend om dit teen te gaan.

Medies werk is aan die toeneem op Tamanda, en nou is daar 'n gerieflike hospitaaltjie gebou om aan hierdie behoefte te voorsien. Gedurende die afgelope jaar is besluit om pasjente te laat betaal vir behandelings, waar ons voorheen slegs dankoffers van hul ontvang het. Dit is moeilik om te sê of hierdie verandering die getal pasjente geaffekteer het, ek glo egter nie, want die naturel is gewoon om vir sy eie inboorling medisyne te betaal.

Die vraagstuk van behoorlike sanitasie op ons stasies het ons ernstige aandag geniet. Tot nou toe is verskillende metodes probeer, maar met min sukses. Op party stasies waar die grond dit toelaat, word put latriene gemaak. Op Madzimoyo het ons 'n aantal steen geboue opgetrek met die plan om emmers te gebruik. Die grootste moeilikheid is egter om die kinders te kontroleer.

Met die melaatse kolonie, Mbanda Kucha, op Nsadzu, was daar nog steeds moeilikhede in verband met die kos kwessie, toerusting en geboue. Ons hoop egter dat hierdie sake vanjaar finaal sal opgelos word. 126 pasjente is behandel gedurende die afgelope jaar, waarvan 8 ontslaan is as genees. Daar was 3 sterfgevalle en op die oomblik is daar 93 pasjente.

Die Europese hospitaal op Madzimoyo is nog onvoltooid, en dit sal interessant wees om die Boukommissie se rapport oor die gebou te lees. Op die oog maak die gebou 'n mooi vertoning, maar daar is ook lelike foute. Dit is uitverband met die stasieplan; dit is op 'n skuinste gebou met die gevolg dat dit nie waterpas is nie, maar meer dan 'n voet op die lengte aan die een kant sak; die een deel van die plafon het 6 dwars balke en die ander helfte maar 3. Dit is nie my plan om in besonderhede te gaan nie, maar daar is gevaar dat ons Boumeester te veel werk opgelaai word. Hy was nog nie klaar hiermee nie toe moes hy na Tamanda om daar te bou; hy was nog nie op Tamanda klaar nie of hy moes na Nsadzu; met die gevolg dat daar geknoei word. Dit is nie ekonomies nie.

IV. Algemeen:

a. Dit is nie nodig om uit te wy oor die bierdery nie, aangesien die verslag van die boerdery Komm. voor die Sending Komm. gelê word, bowedien is ek huiwerig om my opinie oor die saak uit te spreek, maar as die boerdery op 'n mislukking uitloop sal dit gedeeltelik moet toegeskrywe word aan gebrek aan behoorlike oorleg van die boer.

b. Verlede jaar is taamlik baie gedoen aan reparasies, en ek vrees vanjaar is die program nog groter, want ons geboue is oud en bouvallig en die dakke lewer 'n wesenlike gevaar op. Dit is 'n onaangename ondervinding wanneer 'n stuk balk of kap skielik in jou nabyheid neerplof, of wanneer 'n mens met 'n sambreel van die een kamer na die ander moet stap wanneer dit reent.

c. Van betekenis was die besoek van die Sendingsekretaris en Ds.Ferreira vir ons gedurende die afgelope jaar. Nie alleen was dit vir ons aangenaam om die Deputasie in ons midde te hê nie, maar ook aanmoedigend. Die Sendingsekretaris kon ons uit sy ryke ervarings baie wenke gee, en die leraar van Kopjes met sy vriendelike belangstelling inspireer. Ons vertrou ook dat die Deputasie lig ontvang het op meer dan een saak wat vir die Sending Kommissie miskien vroeër nie so helder was nie. Ons meen dat dit tot groot nut kan wees om moeilikhede en misverstand uit die weg te ruim as die Sending Kommissie elke jaar sy verteenwoordigers na ons jaarlikse Raadsitting kan stuur.

d. Wat die personeel betref het die lede sowel as die Sending kindertjies oor die algemeen 'n redelike mate van gesondheid geniet; daar was byna geen ernstige gevalle van krankheid nie. Die Heer het Sy beskermende Hand oor die wat krank was, uitgestrek en hul genees. Sy Naam sy die eer!

Die onderlinge verhouding was ook redelik, hoewel daar soms 'n bietjie woorde wisseling ontstaan het weens die feit dat 'n aantal broeders en susters afwykende beskouinge het in verband met die gebruik al dan nie van medisyne. Of die aanwesigheid van Mister Riphagen in die land hierdie toestand sal verbeter, moet nog gesien word.

Ons stel dit op prys dat die Sending Kommissie vir ons afskrifte gestuur het van die besluit van die Raad der Kerke insake geloofsgenesing, wat deur die verskillende Sinodes bekragtig is; maar ons twyfel of dit die broeders en susters so sal beinvloed dat hul die ingenome standpunt sal laat vaar.

Dit was vir ons baie aangenaam om verlede jaar terug te verwelkom in ons midde Eerw. en Mev.P.Smit. Ons is seker dat die Sending baie baat sal vind uit die ryke ondervinding van die twee pioneers. Mag hulle nog lank gespaar word vir hierdie werk.

Eindelik dink ons met weemoed terug aan die feit dat Ds. en Mev.Pauw ons aan die einde van verlede jaar vir goed verlaat het. Na die mens gesproke, is dit vir die Sending 'n onherstelbare verlies. Maar ons mag nie klae nie en die Heer sal ook wel goed hieruit laat gebore word. Ons sal Ds.Pauw as Voorsitter van ons vergaderings mis, waar sy heldere insig in sake altoos die deurslag gegee het. In die daelikse omgang sal ons sy gesonde oordeel, raad en optimisme tenseerste mis, en die onveranderlike vriendelikheid van sy gade sal vir ons steeds 'n soete herinnering wees. Mag die Heer hul ryklik seen in hulle nuwe werkaring.

En nou, wat die toekoms betref, ons is in die Hand van die Heer. Ons het ons weg op Hom gewentel vir 1932 in die vaste vertroue dat Hy dit sal reg maak en vir ons in alles sal onderneem.

W. A. Krige.

Kadzimoyo.
25/1/1932.